



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Waar is my knippie? deur Anna Emm

Ansofie gaan elke dag na die kleuterskool toe. By die kleuterskool is baie dogtertjies met mooi, krullerige hare net soos sy. Daar is baie dogtertjies met groot, blink ogies net soos sy. En daar is baie dogtertjies wat ook elke dag vrolike rokkies aantrek skool toe – net soos sy. Maar daar is een ding wat Ansofie nie het nie. Al die ander dogtertjies in haar kleuterskool het die mooiste knippies wat hulle elke dag in hulle hare sit! O, en Ansofie wil só graag ook 'n mooi knippie vir haar hare hê. Maar sy het niks.

Op 'n dag bring Ansofie se mamma vir haar 'n presentjie van die dorp af. Opgewonde seur sy die papier oop, en daar is die mooiste knippie wat sy nog ooit gesien het! Dit is vol blinkertjies en patroontjies in al die kleure van die reënboog! Ansofie is nou vreeslik bly, en sy kan nie wag om haar nuwe knippie die volgende dag in haar hare te sit as sy skool toe gaan nie. Sy sit dit versigtig op die vensterbank neer, en gaan speel buite.

Maar wat Ansofie nie geweet het nie, is dat 'n klompie skoenlappers graag in die middag op die vensterbank in die son kom sit. En daardie middag gesels hulle so lekker, en klap hulle hulle vlerke só vrolik, dat hulle die knippie per ongeluk van die vensterbank af stamp! Dit val af, af, af... en land tussen die takke van 'n doringbos onder in die tuin.

Die volgende oggend toe Ansofie haar knippie in haar hare wil sit, kry sy dit nêrens! Sy soek en soek oral, maar dis weg. Sy gaan staan by die vensterbank en begin baie hartseer huil. Die skoenlappers hoor haar huil, en nou voel hulle sommer baie skaam oor hulle die knippie afgestamp het. Hulle kan dit nie daar tussen die dorings bykom nie. Wat nou?

Die volgende oomblik fladder 'n groot skoenlapper by die oop venster in, en gaan sit op Ansofie se hare – net daar waar sy die knippie wou vassteek. "Moenie huil nie," fluister die skoenlapper. "Ek sal vandag saam met jou skool toe gaan en die hele dag lank net hier sit. Al die kinders sal dink jy het die mooiste skoenlapper-knippie in die hele wêreld in jou hare!"

Ansofie droog haar traantjies af. Sy staar en staar na die pragtige skoenlapper wat nou daar in haar hare sit en sy vlerke stadig oop... en toe... maak. En raai bietjie? So gaan Ansofie en die skoenlapper toe skool toe, en die hele dag lank kyk almal verbaas na die wonderlike knippie in haar hare! "Dit lyk amper soos 'n regte skoenlapper!" fluister die ander dogtertjies.

Daar is baie dogtertjies by die kleuterskool. Maar daar was nog nooit so 'n mooi knippie by die skool nie, en daar sal ooit nooit weer so 'n mooi een wees nie. En op baie spesiale dae, soos op Ansofie se verjaardag, het die skoenlapper elke keer weer in haar hare kom sit soos 'n knippie, en saam met haar skool toe gegaan.

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

Waar is my knippie? illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)